higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 2

16 NOVEMBER 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 I
1.3 C
1.4 M
1.5 H
1.6 N
1.7 B
1.8 K
1.9 G
1.10 L
1.11 A
1.12 O
1.13 F
1.14 J
1.15 E

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

2.1 Verstaan
2.2 Vloei
2.3 Verhouding
2.4 Oor die algemeen
2.5 Bloom
2.6 Sosialisering
2.7 Geslag
2.8 Sentrale
2.9 Neurone
2.10 Naïef

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Onwaar
3.3 Waar
3.4 Onwaar
3.5 Onwaar
3.6 Waar
3.7 Waar
3.8 Waar
3.9 Waar
3.10 Waar

Kopiereg voorbehou

3.11 Onwaar
3.12 Waar
3.13 Waar
3.14 Onwaar
3.15 Waar

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Waar (1)

4.1.2 Die brein beheer alles wat jy doen, selfs wanneer jy slaap. / Beheer willekeurige en onwillekeurige handelinge. (Enige 1 × 2) (2)

4.2 4.2.1 Die mikroskopiese opening/gaping tussen neurons ✓✓

4.2.2 Mense wat goeie sosiale intelligensie besit om idees te ontwikkel en van ander mense te leer / Hulle is sensitief jeens ander mense se emosies. / Hulle tree in interaksie met ander mense en kommunikeer goed.

4.2.3 Mense wat taal geniet en sensitief jeens die betekenis en volgorde van woorde is

4.2.4 Mense wat goed met syfers is, en wil verstaan hoe dinge werk

4.2.5 Mense wat van die ritme en klank van taal hou

(5 × 2) (10)

4.3
- ALA
- Vit B6
- Vit B12
- DHA
- foliensuur
- omega-3 (6)

4.4 PW Botha (1)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Sintese ✓
- Evaluering
- Analise ✓
- Toepassing
- Begrip
- Onthou

(-1 punt indien nie in diagram nie)
(-1 punt indien nie van laagste na hoogste vlak nie) (6)

5.2
- Die onderwyser behoort 'n leeromgewing te skep waarin leerders gemotiveerd en betrokke is.
- Verwys na andere se werk om erkenning aan jou eie en ander stemme te gee as jy praat en skryf.
- Beklemtoon die toepassing van kennis wat in werklike situasies verwerf is om 'n duidelike fokus vir leer te verskaf.
- Bied geleenthede om gevoelens en menings uit werklike situasies te verwoord om kommunikasie- en sosiale vaardighede te ontwikkel en daaroor te besin.
- Gee leerders geleenthede om 'n beter begrip van hul eie waardes en gesindhede te bekom om van die gevolge van hul waardegebaseerde handelinge bewus te wees.
- Skep 'n aktiewe leeromgewing eerder as leer deur absorpsie, aangesien leerders kennis en vaardighede beter sal internaliseer.
- Onderwysers help die leerders om andere se gevoelens en gesindhede te verstaan wanneer leerders situasies ervaar deur ander mense se werk te bestudeer en korrek daarna te verwys. (10)

5.3
- Wanneer jy die outeur se presiese woorde gebruik, moet jy die woorde tussen aanhalingstekens plaas.
- As jy parafraseer wat die outeur gesê het, moet jy dit in jou eie woorde neerskryf.
- In albei gevalle moet jy die bron aanhaal, met ander woorde, die outeur en die jaar waarin die teks gepubliseer is.
- Jy behoort die bladsynommer ná die datum in te sluit indien dit 'n presiese aanhaling uit die teks is.
- Outeur se van, voorletters, jaar van publikasie, titel van die boek, uitgewer se naam, en plek van publikasie. (Enige 4 × 2) (8)

5.4
- Tegniese besinning/nabetragting: Onderwysers is gemoeid met die tegniese toepassing van kennis in die klaskamer om orde te handhaaf en voorafbepaalde uitkomste te bereik.
- Praktiese besinning: Onderwysers is gemoeid met doelwitte, die skakeling tussen beginsels en praktyk.
- Kritiese besinning: Opvoeders is gemoeid met kwessies buite die klaskamer, sodat morele en maatskaplike kwessies soos gelykheid en bevryding hul besinning oor klaskamerpraktyk kan aanvul.

(Enige toepaslike verduidelikings) (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 6

6.1
6.1.1 Mikrostelsel
6.1.2 Mikrostelsel
6.1.3 Mesostelsel
6.1.4 Eksostelsel
6.1.5 Makrostelsel
6.1.6 Chronostelsel

(6 × 1) (6)

6.2
- Om toereikende pensioene vir ouer mense te voorsien
- Om behuising vir armes te voorsien
- Om toereikende kindersorg vir weerlose kinders te voorsien
- Om hulp te verleen aan huishoudings met kinders aan die hoof waar ouers gesterf het, hoofsaaklik weens VIGS
- Om gesondheidsorggeriewe te voorsien
- Om vraagstukke in verband met MIV, VIGS en tuberkulose te hanteer
- Om aan almal toegang tot skoolopleiding te voorsien
- Om sorg vir mense met gestremdhede te voorsien en hulle te help om werk te kry

(Enige 4 × 2) (8)

6.3
- 'n Baba tot vier maande oud se soek- ('rooting') en suigrefleks is goed ontwikkel. Die vermoë om kos na die agterkant van die mond te beweeg is onontwikkel.
- Vanaf vier tot agt maande begin babas uitreik na voorwerpe en beweeg dit van een hand na die ander.
- Tussen agt en twaalf maande sien hulle voorwerpe wat verder weg van hulle is en wys daarna; glimlag en waai en gee samewerking met klere aan- en uittrek.
- Peuters van een tot twee jaar kan voorwerpe op mekaar stapel, die bladsye van 'n boek omblaai en voorwerpe benoem.
- Peuters van twee jaar het beter hand-oog-koördinasie en kan voorwerpe inmekaarsit en uitmekaarhaal.
- Kinders van drie jaar kan aandagtig na stories luister en gebruik verstaanbare spraak.
- Op driejarige ouderdom kan hulle woorde herken wat dieselfde klink en ontbrekende legkaartstukke identifiseer.
- Teen vier kan hulle vrae formuleer.
- Teen vyf kan hulle 'n potlood gebruik om letters en getalle na te trek. Hulle kan trappe met blokkies bou.
- Op vyf kan hulle tot by 20 en verder tel, en verstaan abstrakte begrippe.
- Op ses verbeter hul aandagspan, hulle trek voorwerpe na, voer gesprekke, en verstaan grappe.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 5 × 2) (10)

6.4
- Die serebrum: twee groot, byna simmetriese hemisfere
- Die serebellum (klein brein): twee kleiner hemisfere wat aan die agterkant van die serebrum geleë is
- Die breinstam: 'n sentrale kern wat geleidelik die rugmurg word. (6)

Aanvaar ook indien student die funksie van elke gedeelte noem:

- Serebrum: koördinasie, beweging, kognitiewe funksies, ens
- Serebellum: sensoriese toevoer vir balans en bewegings
- Breinstam: stuur seine van die brein na die liggaam en beheer onderbewuste funksies soos asemhaling en hartklop.

(Enige toepaslike beskrywing) (3 × 2)

[30]

VRAAG 7

7.1
- Witskrif 6 beoog dat kinders met spesiale behoeftes in hoofstroomskole geplaas word en as leerders met gestremdhede behandel word.
- Die Nasionale Gestremdheidstrategie keur die skeiding van persone met gestremdhede van die hoofstroomsamelewing af.
- Dit beklemtoon die behoefte om persone met gestremdhede by die werksplek, sosiale omgewing, politieke sfeer en kunstearenas in te sluit.
- Die Departement van Onderwys ondersteun hierdie idee en het ten doel om ’n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel vir alle leerders beskikbaar te stel. **(ENGLISH: aims to ...? Verb missing.)**
- Witskrif 6 fokus op leerders met spesiale behoeftes, en het tot ’n nuwe beleid vir onderwys in spesiale behoeftes gelei.
- Witskrif 6 bepaal dat onderwys stelselmatig sal wegbeweeg van instellings wat georganiseer is volgens kategorieë van gestremdhede.
- Daar moet ondersteuning en opvoeding vir leerders met gestremdhede wees sodat hulle die uitwerking van hul gestremdhede te bowe kan kom.
- Die beleid dui aan hoe die aanvanklike fasiliteite ontwikkel kan word en hoe bykomende hulpbronne wat benodig word, bekom sal word.
- Strategieë sal bekendgestel word om opvoeders te help om onderrigstruikelblokke te bowe te kom sodat hulle die diversiteite van leer- en onderrigbehoeftes kan hanteer.
- Die Witskrif gee leiding oor hoe huidige spesiale skole geïdentifiseerde leerders met gestremdhede op die terrein kan bedien en ook as ’n hulpbron vir opvoeders en skole in die gebied kan dien.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 5 × 2) (10)

7.2 7.2.1 1960✓ (1)

7.2.2 Polisie het paniekerig geraak en op ’n skare ongewapende betogers gevuur. Altesame 69 ongewapende betogers het gesterf. ’n Noodtoestand is ingestel. Aanhouding sonder verhoor is bekendgestel en die ANC, PAC en ander organisasies is onwettig verklaar. Die weerstandsgroepe het ondergronds beweeg. Dit was ’n belangrike oomblik in die geskiedenis wat uiteindelik tot ’n vry en demokratiese Suid-Afrika en gelyke onderwys vir almal in die taal van eie keuse gelei het. (6)
(Enige 6 feite)

7.3
- Om onderwys- en loopbaangeleenthede te verken (10)

- Om 'n verskeidenheid strategieë vir effektiewe leer te verken en daaroor te besin
- Om etiese entrepreneursgeleenthede te ontwikkel, waar moontlik.
- Om as verantwoordelike burgers aan die lewe van plaaslike, nasionale en globale gemeenskappe deel te neem
- Om oor 'n reeks maatskaplike kontekste esteties en kultureel sensitief te wees (Enige toepaslike antwoord) (5 × 2)

7.4
- Ontvangs
- Om te reageer
- Om te takseer/evalueer ('valuing')
- Organisering
- Karakterisering deur waarde (Enige toepaslike antwoord) (Enige 3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 8

8.1 8.1.1
- Babas tot die ouderdom van vier maande het byna gelyke kop- en borsafmetings.
- Hulle het 'n sterk greep en begin om na voorwerpe uit te reik.
- Vanaf agt maande verdubbel babas hul geboortegewig, begin om abdominaal asem te haal en kry hul eerste tande.
- Refleksiewe gedrag word willekeurig. Hulle kan vaste kos sluk.
- Peuters van 12 tot 24 maande het 'n stadiger groeitempo.
- Hulle verloor liggaamsvet, staan alleen en begin loop.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 1 × 2)

8.1.2
- In hierdie tydperk hou hulle aan groei en ontwikkel vinnig in lengte en gewig.
- Hulle kry hul permanente tande.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 1 × 2)

8.1.3
- Baie fisieke veranderinge namate hulle die oorgang van kinderjare na volwassenheid beleef
- Meisies ontwikkel borste en begin menstrueer.
- Seuns se stemme raak dieper.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 1 × 2)

8.1.4
- Dit is die tyd wanneer mense hul fisieke hoogtepunt bereik.
- Mense is op hul gesondste en hul liggame funksioneer op die hoogste vlak.
- Jou grootte en gewig kan steeds toeneem, maar geen nuwe neurons word gevorm nie. (Enige toepaslike antwoord) (Enige 1 × 2)

8.1.5
- Beendigtheidkwale kan voorkom.
- Krag en uithouvermoë neem geleidelik af.
- 'n Mate van atrofie kan plaasvind.
- Die respiratoriese stelsel en bloedsomloop is minder effektief.
- Hardlywigheid kan voorkom.

- Vel is minder soepel.
- Haarverlies kan voorkom. (Enige 1 × 2)

(5 × 2) (10)

8.2
- Besinning-oor-aksie: Die onderwyser probeer vorige gebeurtenisse verstaan om vorm aan toekomstige gebeurtenisse te gee. ’n Onderwyser kan ’n kollega vra om ’n les waar te neem en aantekeninge af te neem, sodat hulle oor hul onderrig kan besin.
- Besinning-in-aksie: Onderwysers onderrig en ontleed terselfdertyd. Die onderwyser is in staat om te besin oor wat gebeur terwyl dit gebeur. **(ENGLISH: Sentence is repeated. Delete one of them.)**

(Enige toepaslike antwoord) (2 × 2) (4)

8.3
- Sosiale behoeftes: Rose het nie liefdevolle ouers nie – die ma woon elders en sy ken nie haar pa nie. (liefde) ✓
- Fisiologiese behoeftes: Rose en haar broer woon by hul tante en daar is dikwels nie genoeg kos nie.
- Veiligheids- en sekuriteitsbehoeftes: Daar is baie bendelede en geweld in die gebied waarlangs hulle daagliks skool toe moet stap.
- Ego: Op skool sukkel Rose om te lees, te skryf en te kommunikeer, aangesien Engels nie haar huistaal is nie.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 3 × 2) (6)

8.4
- Opleiding help werknemers om hul werk beter te verrig.
- Werknemers raak meer bekwaam.
- Dit motiveer werknemers omdat hulle leer en as individue groei.
- Opleiding verseker dat werknemers die prosesse en tegnieke verstaan wat hulle behoort te gebruik.
- Opleiding help om gesondheid en veiligheid in ’n werksplek te verbeter.
- Opleiding help werknemers om hul stres te bestuur.
- Opleiding help om persoonlike vaardighede te verbeter.

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 4 × 1) (4)

8.5
- Wat het ek vandag oor myself agtergekom waarvan ek gehou het?
- Wat is my persoonlike sterk punte?
- Hoe kan ek my persoonlike sterk punte gebruik?
- Watter aspek van my werk is die uitdagendste?
- Besit ek genoeg kennis oor die gebied waarop ek onderrig?
- Hoe kan ek die werk wat ek doen, verbeter?

(Enige toepaslike antwoord) (Enige 2 × 2) (4)

8.6
- Neurone
- Dendriete (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180